

# DIE SKIETLOOD

## HUISGEMEENTES VAN STEEDSHERVORMERS

Die Nuwe Testament ken die organisasie van die kerk in huisgemeentes baie goed (vgl Hand 2:46; 12:12; 18:1-3; 18:18; 1 Kor 16:19; Rom 16:5; Kol 4:15; Filemon 2; Heb 10:45)

In ons omstandighede vandag is gelowiges wat nie by die liberale predikante (of gemeentes) wil aanbid nie, genoodsaak om (voorlopig) huisgemeentes te vorm indien hulle ver van 'n behoudende gemeente is.

Behalwe dus om 'n nabyliggende behoudende gemeente te oorweeg - indien bereikbaar - kan bestaande ampsdraers en lidmate in iemand se huis of 'n ander lokaal hulle Sondagdienste hou. Indien daar nie 'n predikant beskikbaar is nie, kan iemand 'n preek lees in 'n sogenaamde leesdiens. Die preek kan uit 'n bestaande preekbundel of 'n beskikbare preek van 'n besondere

predikant wees (o.a kan die volgende preekbundels oorweeg word: *Preke vir die kerklike jaar, Markus ontsluit, Op pad na Emmaus* - al drie van prof HG van der Westhuizen).

Indien 'n preekbundel nie beskikbaar is nie, tree met dr Johan Otto in verbinding om los preke te bestel.

Verder is daar nou 'n projek aan die gang om volledige kerkdienste op klank- en beeld-skywe (KBS = DVD) op te neem. Bestel dit ook by dr Otto en deel daaraan in onderlinge byeenkomste.

Dit kan oorweeg word byvoorbeeld met doop- of Nagmaalsdienste om 'n predikant te laat kom vir die huisgemeentebyeenkoms. Met die oog ook daarop hou dr Otto asook ds Frans Marais 'n lys van beskikbare behoudende predikante en afgetrede predikante en hoogleraars by wie navraag vir hulp gedoen kan word. Daar is 'n stuk of 70 predikante.



